

SONDAG 5 Jan 2003
NG KERK POTCHEFSTROOM-SUID
OGGENDDIENS

LITURGIE

WIE	WAT	DETAIL	BORD/MUSIEK
	Voorsang		
Liturg	Welkom & groet	<p>Die kerklike jaar begin in Desember met die 4 weke voor kersfees: Ons noem dit Advent. Dit is die tyd wat ons kersliedere sing en stilstaan by al die gedeeltes wat Jesus se koms vooraf gaan.</p> <p>Dan volg Kersfees waar ons die geboorte van die Here herdenk op 25 Desember. Kersfees hou egter nie daar op nie, maar word gevier vir die volgende 12 dae - dws vanaf 25 Des tot 5 Januarie. Dit staan bekend as die sg. "Twelve days of Christmas".</p> <p>Die vernaamste simbool in Advent sowel as Kersfees is lig — die Lig wat gekom het na die wêreld en wat nie deur die duisternis uitgedoof kon word nie. Daar word gewoonlik van kerse gebruik gemaak om hierdie simbool te dra.</p> <p>Op die 5e Januarie vier ons die Epifanie - dit beteken "om bekend te maak" of "te wys" of "te openbaar". Dit is ook die oudste fees in die kerk. Aanvanklik is Jesus se geboorte ook op hierdie dag gevier.</p> <p>In sekere kulture staan 6 Jan bekend as "Drie-Konings-dag" agv die wyse manne - en daarom word persente eers op hierdie dag gegee.</p> <p>Die Russeise Ortodokse kerk volg 'n ouer kalender en vier die fees van Epifanie op 19 Jan.</p> <p>In sommige tradisies word 'n spesiale Koning Koek gebak as deel van die feesviering vir Epifanie. **</p> <p>Daarom is vanoggend weereens 'n fees: Ons vier fees omdat die Lig in die wêreld gekom het. Al die donker is nie genoeg om die lig uit te doof nie. Jesus is die lig. Hy is ons lig. Hy maak ons lewens lig.</p>	**Hannes speel sag "LB353"
Liturg	Gebed		
Liturg	Oproep tot lof		
Hannes	Lof - Kohortatief (staande)	<p>HL227:1-3 "Laat ons skyn"</p> <p style="text-align: right;">Lees Joh 1:11-14 3 a's • afstoot / afwys • aanneem • aangee</p> <p>LB488:1-5 "Helder skyn U lig"</p>	

Hannes	Aanbidding (sittende)	LB353:1 Hannes speel vers 1 sag terwyl Liturg voorgeaan. [Talle klein Epifanieë] LB353:2-3 “Die lig kom na die wêreld” [Gebed wanneer LIG dof word] LB582:1,5 “Bly by my Heer” [Oproep tot skuldbelydenis] LB238:1-4 “God enkel Lig” [Gebed: Johan Cilliers]	
Ouderling	Gebedslys		
		<u>Record aan</u>	<u>Klank: Record</u>
Ouderling	Voorbidding		
Liturg	Skriflesing	Mat 2:1-12	Skrif
Liturg	Preek	Om God te mis met 16 kilometer...	Skrif
Almal	Musiek Toewyding	Anita Lotz: “Sy Naam is Jesus”	
Liturg	Gebed		
		<u>Record af</u>	<u>Klank: Stop Record</u>
Diakens	Offergawe	Afkondings op bord	afkondig
Liturg	Afkondigings		“Afkondig”
Hannes	Lied	NB = Luk 2:32 “’n Lig tot verligting van die nasies” Die wyse manne het met hulle persente aangekondig dat Jesus die Koning / messias is. NB = om soos die Wyese manne vir die wêreld te gaan wys wie Jesus is. Here Jesus U skyn (CD)	
Liturg	Seën		

Bronne:

Off by Nine miles

Walter Brueggemann is professor of Old Testament at Columbia Theological Seminary in Decatur, Georgia.

Vader van die ligte,
by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie
my lamp is onder die emmer, my kamer is donker in 'n donker wêreld.
Stuur U Gees dat ek kan ontvlam, dat U kerk 'n stad op 'n berg kan wees!
U Woord is 'n lamp wat my die weg wys, die lig op my pad (Ps 119:105)
{ Johan Cilliers, OGTS p111}

PREEKSKETS

INLEIDING

Demonstrasie van tyd: (Terug in die tyd)

2003: Ons

1500: Hervorming: Martin Luther ens

1000: Donker Middeleeue

300: Konstantyn & konsilies

0: JX Gebore

500: Ballingskap

1000: Tempel gebou

1400: Volk trek uit Egipte

2000: Abraham & Lot

Jare gelede (omtrent 580 vC) was die Israëliete in Ballingskap gewees.

- Hulle is weggeneem na 'n ander land.
 - Hulle eie land Israel is verskriklik verniel.
 - Geboue afgebrand.
 - Vee doodgemaak.
 - Jerusalem se mure is platgeloop.
 - Tempel is beskadig.
 - Jerusalem was 'n ruïne / bespotting.
 - Al die nasies het lekker gelag oor die eens roemryke stad wat nou net 'n verlate ou dorpie was.
 - Ja, Jerusalem het pikdonker geword.
 - Alles was dood, alles was stukkend.
- Ons kry ook mos sulke tye in ons lewens.

En dan praat die Here deur die profeet Jesaja (3e deel)

Jes 60:1-7 lees:

“Kom Jerusalem, laat skyn jou lig! Vir jou het die lig gekom, die magtige teenwoordigheid van die Here het vir jou lig gebring.

Daar is donkerte oor die aarde, duisternis oor die nasies, maar oor jou gee die Here lig, oor jou verskyn Sy magtige teenwoordigheid.

Nasies kom na jou lig toe, en konings na die glans van die nuwe dag wat vir jou aangebreek het”

Kyk rondom jou, kyk, hulle kom almal bymekaar, hulle kom na jou toe: jou seuns kom van ver af, jou dogters word met liefde gebring.

Jy sal dit sien en van vreugde straal, jy sal bewe van blydskap, want die rykdom van die see word joune, die skatte van die nasies kom in jou besit.

Jou land sal vol kamele wees, jong kamele uit Midian en Efa.

Almal wat uit Skeba kom, bring goud en wierook, en verkondig die lof van die Here..

Al die kleinvee van Kedar word vir jou bymekaargemaak, die ramme van Nebajot is jout jou beskikking; hulle is aanneemlike offers op my altaar.. So vermeerder Ek die roem van die huis waar Ek geëer word.”

Met ander woorde:

Jesaja sê vir die volk:

- Hou moed.
- Byt vas.
- Die Here sal vir julle weer uitkoms gee.
- Hy sal weer ingryp.
- Hy sal julle gebede verhoor.
- Hy sal julle weer terugneem na Jerusalem.
- En dan sal Hy sorg dat Jerusalem weer opgebou word.
- Al die inwoners van Jerusalem sal weer terugkom.
- Dit sal weer ‘n lekker stad wees om in te bly.

En Jerusalem sal weer ‘n florerende stad wees.

- Alles wat vernietig was sal weer opgebou word.
- Van oral sal mense kom om handel te dryf.
- Die stad sal vol jong kamele wees.
- Mense sal uit Skeba goud en wierook saambring na Jerusalem.
- En almal sal praat oor hoe wonderlik die Here is.

Ja, Jerusalem sal soos ‘n lig wees wat skyn in die wêreld van daardie tyd.

500 JAAR LATER

500 jaar later het ‘n klompie wyse manne ‘n studie gemaak van die sterre.

- Dag vir dag het hulle die sterre bekyk.
- Hulle het die sterre so goed geken.
- En op ‘n dag het hulle ‘n baie eienaardige ster gesien.
 - Dit was nie normaal nie.
 - Dit was nie verklaarbaar nie.
 - Daar moes een of ander dieper boodskap in hierdie ster gewees het.
- Hulle het gegryp na elke boek wat hulle in die hande kon kry.
- Daar moet een of ander betekenis vir hierdie ster wees.

In hulle desperaatheid het hulle ook deur die geskrifte van die OT geblaa.

- (Daar was nog nie ‘n volledige Bybel nie)
- Hulle self was heidene gewees.
- En hulle het nie die Here of die Bybel geken nie.
- Maar hulle was op soek na ‘n antwoord.
- Iewers moet hulle iets lees oor hierdie ster.

En toe kom hulle af op Jes 60:1-7.

- Hier is die antwoord waarna ons soek.

“Kom Jerusalem, laat skyn jou lig! Vir jou het die lig gekom, die magtige teenwoordigheid van die Here het vir jou lig gebring.

Daar is donkerte oor die aarde, duisternis oor die nasies, maar oor jou gee die Here lig, oor jou verskyn Sy magtige teenwoordigheid

En hulle sê vir hulleself:

- Ja, die lig dui op Jerusalem.
- Hulle moet onmiddellik Jerusalem toe gaan.
- Daar sou hulle die Lig kon sien.
- Daar sou hulle die magtige teenwoordigheid van die (onbekende) God ervaar.
- Hulle het verder gelees en gesien dat die mense uit Skeba goud en wierook saambring.
- En hulle het goud en wierook (en mirre) geneem .
- En onmiddellik vertrek na Jerusalem.
- Want die ster moet iets te doen hê met Jerusalem.

In Jerusalem aangekom, het hulle onmiddellik na die koning se paleis gegaan.

- Waar is die lig wat sou kom?
- Waar is die koning wat gebore sou word?
 - Ons verstaan dat Hy hier in Jerusalem gebore sou word.
 - Dis tog hier waar die lig sou kom?
 - Hy gaan Jerusalem opbou tot 'n groot handelstad.
 - Hy gaan die roem terugbring na Jerusalem.
 - Hy sal Jerusalem weer op die “map” plaas.
 - Van oral sal mense kom om handel te dryf.
 - Hy sal Jerusalem se aandele laat styg.
 - Hy sal hierdie stad laat bloei.

Herodes was totaal uit die veld geslaan.

- ‘n ander koning?
- Dit kan tog nie wees nie...
- Waar hoor julle dit?

Wyse manne: Ons het die ster gesien en Jes 60 gelees.

- Hy moet hier in Jerusalem wees.
- Die Lig moet na Jerusalem kom.
- Ons vermoed Hy is hier in Jerusalem gebore.

Herodes was baie ontsteld.

Hy het onmiddellik kenners van die Ou Testament bymeakaargeroep:

- Die professore.
- Die Navorsers.
- Die kenners.

Waar is Hy?

- Is dit waar dat hier ‘n koning gebore sou word?
- Kom, verklaar vir my Jes 60?
- Ek moet dit weet.

Uiteindelik het hulle ‘n antwoord gereed gehad:

- Jes 60 is die verkeerde profesie.
- Die regte profesie is Miga 5:2-4

“Maar jy, Betlehem Efrata, jy is klein onder die families in Juda, maar uit jou sal daar iemand kom wat aan My behoort, en Hy sa in Israel regeer...”

Ja, die Koning sou nie in Jerusalem gebore word nie.

Hy sou in Betlehem gebore word.

- Selfs wyse manne maak foute, nê?
- Dis menslik. - moenie slegvoel daaroor nie.

En so vertrek die wyse manne na Betlehem.

- U ken die res vand ie verhaal.
- Daar het hulle die stal en die krip gevind.
- Binnekant was Josef en Maria en die Kindjie.
- Die Koning.
- Die Verlosser.
- Die Christus.

Hulle het vir Jesus in Jerusalem gaan soek.

- Na jare se studies en interpretasies het hulle 'n klein foutjie gemaak.
- Hulle het vir Jesus in Jerusalem gaan soek.
- Want hulle het met die verkeerde profesie gewerk.
- En hulle het gedink Hy het gekom om Jerusalem op te bou.
 - om Jerusalem 'n groot handelstad te maak.
- Hulle het gedink - as daar 'n koning gebore word sal jy Hom kry in die stad waar die koning en die belangrike mense lewe.
 - miskien in 'n paleis.
 - in die kabinet
- Hulle het gedink jy sal vir Jesus kry tussen al die ryk sakemanne en die belangrike mense van Israel: in die hoofstad Jerusalem.

Maar hulle was verkeerd.

Hulle was 16 kilometer uit die kol uit.

- Want Jesus is nie gebore tussen die ryk mense van Jerusalem nie.
- Hy is gebore 16 kilometer van daar af.
 - in 'n Klein, aansienlike dorpie.
 - Tussen gewone en eenvoudige mense.

Hy het nie gekom om Jerusalem op te bou tot 'n groot handelstad nie.

Hy het gekom om gewone/eenvoudige mense uitkoms te gee.

Hy het nie gekom om tussen die konings in Jerusalem te wees nie.

Maar tussen die gewone plaas-en-plot mense van Betlehem.

16 kilometer.

So naby en tog so ver.

En was dit nie vir die Skrifgeleerdes en die priesterhoofde nie, sou die wyse manne miskien nooit by die krip gekniel het nie.

Ja, so naby en tog so ver.

16 kilometer tussen hulle en God.

16 kilometer tussen hulle en 'n ontmoeting met Jesus.

Dikwels is dit so in ons eie lewens.

- Ons soek vir Jesus in Jerusalem terwyl Hy 16 km verder in 'n klein dorpie Betlehem woon.
- Ons soek Hom in groot en mooi kerkgeboue terwyl Hy in stukkende mense woon.
- Ons soek Hom in programme en aktiwiteite terwyl Hy terwyl Hy dikwels in gebed te vinde is.
- Ons soek Hom in baie gepraat en lang preke - met sulke groot woorde dat die ou wat preek dit self nie verstaan nie - terwyl Hy dikwels net 'n entjie daarvandaan in die stilte te vinde is.
- Ons soek Hom in wonderwerke en tekens, terwyl Hy sigbaar is in ons gewone alledaagse lewe.

So naby, en tog so ver...

Dis so maklik om Hom mis te loop.

- Hoeveel mense het deur die loop van die eeue Hom misgeloop omdat hulle met die verkeerde stukkie in die Bybel gewerk het?
- Ek dink aan die Jehova-getuies.
- Hoeveel mense het Hom al misgeloop omdat hulle die verkeerde prentjie van Hom het.

Jerusalem en Betlehem verteenwoordig twee wêrelde:

- In Jerusalem gaan dit oor status.
- Eer.
- Geld.
- Groot besigheid.
- So vinnig as moontlik bo uitkom.
- So suksesval as moontlik wees.
- Jou naam saam met die belangrike mense in die dorp genoem moet word.

- In Betlehem gaan dit die eenvoudige dinge:
- menswees
- brood (huis van brood)
- kinders (Ragel se kinders)
- geringheid
- onaansienlikheid

Jerusalem en Betlehem verteenwoordig 2 soorte konings:

- In Jerusalem vind jy die koning wat met mag en geweld regeer.
- Hy het sy rug op sy eie mense gedraai.
- Hy sal alles doen om die Romeine gelukkig te hou.
- Hy laat mense doodmaak wat in sy pad staan.
- Hy sal 'n hele dorpie se babas doodmaak om Een in die hande te kry.
- Hy sal sy eie seun vermoor om sy posisie te beveilig.

- In Betlehem vind jy 'n ander Koning.
- Die Een wat nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien.
- Jy kry hom nie in die paleis nie, maar tussen die mense.
- Hy is nie gestel op sy posisie nie - Hy doen vrywillig afstand daarvan.
- Hy het tyd om met 'n vrou by die put te gesels.
- Hy maak tyd om by gewone mense te gaan eet - selfs die melaatses.
- Hy regeer nie met mag en geweld nie, maar met voorbeeld en liefde en diens.

Na 2000 jaar soek baie mense steeds vir Jesus in Jerusalem.

- Want dit sou die gemaklikste wees.
- Dit sou inval by ons eie planne.
- Dit sou so lekker inpas by die wêreld waarin ons lewe.
- Dan hoef ons nie te verander nie.
- Dan kan die wêreld bly net soos hy is.

Hoekom het "Jabes se gebed" die gewildste boek in die wêreld geword?

- Weet julle hoekom?
- Want dit het lekker ingeval by ons eie planne.
 - God wil My seën..
 - God wil my besigheid seën.
 - God wil vir my nog meer gee.
 - Voorspoed.
 - Sukses.
 - Rykdom.

Maar die slegte nuus: jy vind Hom nie in Jerusalem nie.

JY vind Hom in Betlehem.

- Nie in heelheid nie, maar in gebrokenheid.
- Nie in allerhande sekuriteite nie, maar in jou gebrek aan sekuriteit.
 - In jou siekte.
 - In jou armoede.
 - In jou seerkry.
 - In jou bekommernisse.
- Hy belowe nie 'n plek om jou kop neer te lê nie.
- Hy belowe nie sukses nie.
- Hy belowe nie rykdom nie.
- Hy belowe nie gesondheid nie.

Hy belowe Sy liefde.

En Sy Krag.

Waar soek jy na God?

- In Jerusalem?
- Of in Betlehem?

Watter soort Jesus aanbid jy?

- 'n Jerusalem-Jesus?
- of 'n Betlehem Jesus?

Die verskil is 16 kilometer.

- So naby en tog so ver...